28 Februarie 2021

FAMILIE TUISBLAD

Genesis 17:1-7 en 15, 16

Tekens van God se belofte
(God sluit 'n verbond met Abram)

Net soos God aan Noag 'n verbond (belofte) gemaak het waarvan die reënboog 'n teken is, het God ook aan Abram en sy nageslag 'n belofte (verbond) gemaak. Hy het ook 'n simbool (die besnydenis) gegee om hom en sy nageslag daaraan te herinner. In die Nuwe Testament vervang die doop die besnydenis. Ons doop is dus 'n teken wat ons herinner aan God se belofte aan ons elkeen. Die doop is nie 'n sigbare teken soos 'n spantrui of skoolwapen nie, en daarom moet ons mekaar gedurig daaraan herinner dat ons gedoop is en dat God beloof het dat Hy ons kies en aanneem as Sy kinders.

Lees: Genesis 17:1-7, 15-16 (of lees die verhaal van Abram in 'n Kinderbybel)

Gesels:

1. Watter kentekens (skoolwapens, sportklere, *labels*) sien julle raak in julle huis? Waaraan herinner hierdie tekens julle?
2. Watter belofte (verbond) en simbool gee God vir Abram en sy nageslag?
3. Wat het God aan jou belowe by jou doop?

Bid: Skryf dankie-briefies vir God en lees dit voor as julle bid.

Doen: Kyk wat julle kan onthou of uitvind van elkeen in die huis se doop. *(As jy nie gedoop is nie, kan jy meer uitvind oor jou geboortedag)*. Kontak hierdie week julle kerkkantoor om uit te vind wat almal (ook ma/pa) se doopdatum is as julle nie weet nie. Neem 'n bakkie water en maak 'n kruis op mekaar se hande met die water terwyl julle vir mekaar sê: "Jy is gedoop en God belowe dat Hy altyd jou God sal wees". Julle kan die bakkie water of julle doopfoto's hierdie week by julle Lydenstyd uitstalling voeg.

Reis hierdie week verder saam met die tema "God kies jou" en die verhaal van Abram deur te luister na die **DinkJeug Familie App** se oordenkings. Daar is daagliks, Maandag tot Vrydag, 'n 5 min podcast waarna gesinne kan luister met 'n storie, teks, gespreksvrae, gebedswenk en doen idees.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za